Ontwikkel deur Natural Justice in Februarie 2025

NATURAL JUSTICE

# KONSEP WETSONTWERP OP TRADISIONELE EN KHOI-SAN-LEIERSKAP VAN 2024

**Dien jou kommentaar in teen 28 Februarie 2025**

## Wat is die TKL Wetsontwerp?

Die Wetsontwerp op Tradisionele en Khoi-San Leierskap (TKL Wetsontwerp) beoog om formeel Tradisionele en Khoi-San-leierskapstrukture in Suid-Afrika te erken en te reguleer.

## Hoekom is dit belangrik?

Die TKL Wetsontwerp poog om historiese uitsluitings aan te spreek uit formele bestuursstrukture, veral vir Khoi-San-gemeenskappe. Dit belyn ook Tradisionele leierskap met grondwetlike waardes van demokrasie, gelykheid en menseregte.

## Wat is die doel daarvan?

Die Wetsontwerp stel 'n wettige raamwerk daar vir die erkenning van Tradisionele en Khoi-San-leiers. Dit definieer die rolle en magte van Tradisionele en Khoi-San-leiers in plaaslike bestuur en poog om verantwoordbaarheid en deursigtigheid in leierskapstrukture te verseker. Dit het ook ten doel om gemeenskapsgrondregte te beskerm en inklusiewe besluitneming te bevorder.

| | |
|---|---|
| **2021:** | **Die Wet op Tradisionele en Khoi-San Leierskap 3 van 2019 tree in werking.** |
| **Mei 2023:** | **Die Grondwetlike Hof het Wet 3 van 2019 ongrondwetlik en ongeldig verklaar.** |
| **29 Nov 2024:** | **Die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake (CoGTA) het die Konsepwet op Tradisionele- en Khoi-San Leierskap 2024 vir openbare kommentaar gepubliseer.** |
| **28 Feb 2025:** | **Sperdatum vir die indiening van kommentaar** |

## Grondwetlike Hof-besluit oor die Wet op Tradisionele- en Khoi-San Leierskap van 2019

***Mogale v Speaker of the National Assembly***

*Die Grondwetlike Hof het in 2023 bevind dat die Wet van 2019 ongrondwetlik was. Die Wet het groot teenkanting van gemarginaliseerde gemeenskappe, burgerlike samelewingsgroepe en ander belanghebbende partye ondervind.*

*Die hoofredes vir die hofsaak was dat vir die Wet was daar nie voldoende openbare deelname nie, dit die onteiening van grond sonder toestemming vir geaffekteerde gemeenskappe moontlik gemaak het, dat dit ou Bantoestan-grense versterk het en dit die magte van tradisionele rade ongrondwetlik versterk het. Die hof het bevind dat die Wet van 2019 ongrondwetlik en ongeldig is. Daar is ook bevind dat die Parlement versuim het om voldoende openbare deelname te verseker, wat 'n oortreding van artikels 59 en 72 van die Grondwet is. Die Hof het die Parlement 24 maande toegestaan om hierdie dele van die Wet reg te stel. Dit beteken die ou Wet van 2019 bly van krag totdat die nuwe Wetsontwerp as wet uitgevaardig word. Die Parlement het tot Mei 2025 om die wetsontwerp goed te keer.*

# Die Nuwe TKL Wetsontwerp van 2024

Die TKL Wetsontwerp is in 2024 ingestel om leemtes in die Wet van 2019 aan te spreek. Deur die TKL Wetsontwerp van 2024 poog die Parlement om die bevindings van die Hof aan te spreek.



## Sleutelbepalings:

### Erkenning van Tradisionele en Khoi-San-leierskap

Artikel 8 van die Wetsontwerp sit die proses vir die erkenning van Tradisionele en Khoi-San-leierskap uiteen en Artikel 10 sit die proses uiteen vir die erkenning van 'n senior Khoi-San-leier of takhoof. Hoofstuk 3 sit die kriteria en prosesse vir erkenning uiteen.

> ⋆Dink na oor: Stem die erkenningsproses en vereiste bewyse ooreen met my gemeenskap se tradisionele erkenningsproses?

> ⋆Dink na oor: Hoe kan gemeenskappe besluite wat geneem word oor die erkenning van hul Tradisionele en Khoi-San leiers uitdaag?

### Uitdaging en onttrekking van erkenning

Terwyl die wetsontwerp nie 'n spesifieke bepaling het om die erkenning van leiers direk te betwis nie, bemagtig dit die President, Premier en die Kommissie van Khoi-San-aangeleenthede om ondersoeke na erkenningsaansoeke te inisieer.

### Besluitnemingsmagte van Tradisionele en Khoi-San-leiers

Tradisionele en Khoi-San-leiers word toegelaat om advies te gee en aan munisipale rade deel te neem, maar het nie stemreg of besluitnemingsgesag nie.

> ⋆Dink na oor: Watter besluitnemingsbevoegdhede behoort Tradisionele en Khoi-San-leiers in plaaslike regering te beklee?

NATURAL JUSTICE

*Dink na oor: Hoe moet die standpunte van die gemeenskap sinvol oorweeg word in finale besluite?

*Dink na oor: Hoe moet konsultasie op munisipale en plaaslike vlakke gevoer word?

## Betekenisvolle konsultasie

Dit is nie duidelik hoe alle gemeenskapslede, veral diegene in afgeleë of gemarginaliseerde gebiede toegang tot konsultasiesessies sal kan kry nie. Die formaat en diepte van konsultasies hang grootliks af van die regering of munisipale strukture, eerder as direkte gemeenskapsagentskap.

Die Wetsontwerp verskaf nie duidelike riglyne oor die metodes en omvang van gemeenskapsbetrokkenheid nie en daar is dus onsekerheid hoe deelname regoor provinsies gefasiliteer sal word.

## Geslagsverteenwoordiging

Die Wetsontwerp erken die behoefte aan geslagsverteenwoordiging in leierskap (een uit drie verteenwoordigers in rade moet vroue wees), maar daar is nie duidelike afdwingingsmeganismes om te verseker dat vroue en ander gemarginaliseerde groepe voldoende verteenwoordig word in konsultasies en besluitnemingsplatforms en -prosesse nie.

*Dink na oor: Hoe moet gelyke deelname vir vroue en gemarginaliseerde groepe in besluitnemingsprosesse verseker word?

*Dink oor: Wat kan gedoen word om te verseker dat vereistes vir openbare deelname deur besluitnemers nagekom word?

## Openbare deelname

Die Hof het verklaar dat openbare deelname 'n deurslaggewende deel van deelnemende demokrasie en die wetgewende proses is, aangesien dit die publiek 'n betekenisvolle geleentheid bied om aan die wetgewende proses deel te neem. Dit beteken dat die regering 'n verpligting het om publieke deelname op 'n toeganklike, gratis, sinvolle, en ingeligte wyse te fasiliteer.

## Gemeenskapsgrondregte

Sekerheid van verblyfreg vir informele en gemeenskapsgrondregte houers is een van die belangrike bekommernisse wat deur die Wetsontwerp aangespreek word. Artikel 16(5) van die Wetsontwerp vereis dat die Premier tradisionele rade erken en hul jurisdiksie en die gedeeltes grond wat daarvan deel vorm, in die Provinsiale Koerant omskryf word.

⋆Dink na oor: Bied die Wetsontwerp voldoende beskerming vir gemeenskapsgrondregte?

Die Wetsontwerp op Tradisionele en Khoi-San Leierskap 2024 is 'n belangrike stap vir die erkenning van Tradisionele en Khoi-San-gemeenskappe. Die Wetsontwerp het ten doel om by grondwetlike beginsels en menseregteverpligtinge te pas. Dit vereis verbeterde besluitneming en aanspreeklikheids-meganismes, die versterking van gemeenskaps-gedrewe konsultasies en groter beskerming vir gemarginaliseerde groepe.

⋆Dink na oor: Spreek die bepalings van hierdie Wetsontwerp die behoeftes en regte van jou gemeenskap aan?

# Hoe raak ek betrokke?

**Neem deel aan die konsultasieprosesse.**

**Stap 1:**
**Verstaan die Wets-ontwerp**

Lees die wetsontwerp en woon gemeenskapswerks-winkels of inligtingsessies by wat in jou gemeenskap georganiseer word. As jy nie van enige bewus is nie, kyk aanlyn of daar enige werkswinkels is.

**Stap 2:**
**Deel jou sienings**

Dien skriftelike kommentaar in die voorgeskrewe formaat in of woon openbare vergaderongs by om jou mening te gee.

**Stap 3:**
**Skakel met Tradisionele en Khoi-San leiers**

Bespreek die Wetsontwerp met jou leiers en rade om te verseker dat jou bekommernisse meegedeel word.

**Stap 4:**
**Werk saam met ander gemeenskappe**

Werk saam met naburige gemeenskappe, organisasies, veldtogte of plaaslike forums om jou kollektiewe stem te versterk.

## Dien jou menings en kommentaar oor die Wetsontwerp in

Die sperdatum van **Vrydag 28 Februarie 2025,** om kommentaar op die Konsepwetsontwerp op Tradisionele en Khoi-San Leierskap, 2024 in te dien, kom nader.

**Kommentaar moet in die voorgeskrewe formaat ingedien word.**

| Naam en kontakbeson-derhede | Klousule waarop kommentaar gelewer word | Voorstel | Motivering |
|---|---|---|---|
| Verskaf die naam van die persoon of liggaam wat die kommentaar indien en kontakbesonderhede, verkieslik e-posadres. | Dui aan die spesifieke klousule wat gewysig moet word. | Verskaf 'n duidelike voorstel hoe die betrokke klousule gewysig moet word. | Verskaf gedetailleerde motivering vir die voorgestelde wysiging. |

## Waar om jou kommentaar in te dien:

**a.**Per pos: Director-General,
Department of Traditional Affairs,
Private Bag X22
ARCADIA, 0083
(Aandag: Ms R S Mogaladi)
OF
**b.**Per e-pos: legislation@cogta.gov.za